

# F.A. van Jaarsveld se *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn na vyftig jaar*

*F.A. van Jaarsveld's The awakening of Afrikaner nationalism after fifty years*

**PIETER DE KLERK**

Vakgroep Geskiedenis, Noordwes-Universiteit (Vaaltriehoekkampus)

Pieter.DeKlerk@nwu.ac.za



Pieter de Klerk

**PIETER DE KLERK** is professor in Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit. Hy het aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO (tans bekend as die Noordwes-Universiteit) en aan die Vrije Universiteit van Amsterdam gestudeer, voordat hy in 1971 die graad D.Litt. in Geskiedenis aan eersgenoemde inrigting verwerf het. Hy is in 1968 as junior lektor in Geskiedenis op die Potchefstroomkampus van die PU vir CHO aangestel en is sedert 1983 aan die Vaaldriehoekkampus verbonde. Hy is die outeur van 'n aantal boeke en artikels op, hoofsaaklik, die volgende terreine: die teorie en filosofie van geskiedenis, historiografie en vergelykende geskiedenis. Hy het verskeie voordragte op internasionale en binnelandse vakkonferensies gelewer en was redaksielid van enkele akademiese tydskrifte.

**PIETER DE KLERK** is professor of History at the Vaal Triangle Campus of North-West University. He studied at the Potchefstroom University for CHE (presently called Northwest-University) and at the Free University of Amsterdam, before he obtained the degree D.Litt. in History in 1971 at Potchefstroom University. In 1968 he was appointed as junior lecturer in History at the Potchefstroom Campus of the PU for CHE, and since 1983 he has been a staff-member at the Vaal Triangle Campus. He is the author of a number of books and articles focusing largely on the following fields of expertise: the theory and philosophy of history, historiography and comparative history. He has presented several papers at international and national academic conferences and has served on the editorial boards of a number of scholarly journals.

## ABSTRACT

### **F.A. van Jaarsveld's *The awakening of Afrikaner nationalism after fifty years***

*F.A. van Jaarsveld is usually regarded as one of the most prominent South African historians of the twentieth century. In 1957 he published a monograph entitled Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868-1881 of which an English translation, The awakening of Afrikaner nationalism, appeared in 1961. For many years this book has been regarded by scholars of South African history as the major study on the origin of Afrikaner nationalism. Van Jaarsveld's contribution to historical writing has been discussed and evaluated by several scholars, but, although some of these academics refer to The awakening of Afrikaner nationalism as his most important contribution none of them provide an extensive discussion of this monograph. Since 1957 a number of scholars have been researching the topic of Afrikaner nationalism. This has led to new interpretations on its origin and early phase. The purpose of this article is to ascertain*

*to what extent changing views of nationalism, and particularly of Afrikaner nationalism, have influenced the value of van Jaarsveld's book and whether it can still be regarded as the major study on this topic.*

*Van Jaarsveld's use of the expression "awakening of nationalism" indicates that he was influenced by the views of nineteenth century German philosophers on the character of nations, but it is also apparent from his book that he was familiar with the studies of early twentieth century theorists of nationalism, such as Hans Kohn. Although elements of an Afrikaner nationalist interpretation of history appear in some of van Jaarsveld's writings, in *The awakening of Afrikaner nationalism he describes and discusses nationalism, and also Afrikaner nationalism, from a critical perspective. He views nationalism as mainly a political phenomenon and argues that Afrikaner nationalism originated during the period 1868-1881 as a reaction to British imperialism in South Africa. However, Afrikaans historians such as J.J. Oberholzer and M.C.E. van Schoor maintain that the origin of Afrikaner nationalism dates back to the early nineteenth century. There are strong indications that their interpretations are influenced by an Afrikaner nationalist view of history. On the other hand there are a number of academics, inter alia Isabel Hofmeyr and Dan O'Meara, who argue that Afrikaner nationalism did not exist before the beginning of the twentieth century. Hermann Giliomee is of the opinion that the whole period 1870-1915 should be seen as the period of the origin and early development of Afrikaner nationalism, but that the years after 1900 were the crucial years in the formation of Afrikaner nationalism.**

*It would appear that the scholars who regard the first decades of the twentieth century as the period when Afrikaner nationalism was formed are mainly influenced by theories that explain nationalism in the light of economic factors and the development of capitalism. Among these writers it is only Giliomee who has extensively studied the problem of the origin of Afrikaner nationalism. Although the theories of nationalism on which his study is based, especially the theories of Ernest Gellner and Tom Nairn, are still influential, they are not generally accepted. There is no consensus among theorists whether nationalism should be primarily regarded as an ideology, an idea or a political movement. Some of them emphasize the role of cultural and intellectual factors while others highlight the importance of political aspects. The work of John Breuilly, for instance, is regarded by recent writers on nationalism as an important contribution to the debate on the origin and nature of nationalism. Similar to van Jaarsveld Breuilly sees nationalism as a political phenomenon and emphasizes the role of political factors in the origin and development of nationalism. I would argue, therefore, that van Jaarsveld's book can not simply be dismissed as being outdated. On the contrary, it is one of but a few well researched studies on early Afrikaner nationalism and, regarded within the context of current scientific views of nationalism, it remains a valuable contribution to South African historical writing.*

**KEY CONCEPTS:** Afrikaner nationalism, Afrikaners, nationalism, national consciousness, theories of nationalism, ideologies, ethnicity, imperialism, historiography, F.A. van Jaarsveld, H. Giliomee.

**TREFWOORDE:** Afrikanernasionalisme, Afrikaners, nasionalisme, nasionale bewussyn, teorieë oor nasionalisme, ideologieë, etnisiteit, imperialisme, historiografie, F.A. van Jaarsveld, H. Giliomee.

## OPSOMMING

F.A. van Jaarsveld word as een van Suid-Afrika se vernaamste twintigste-eeuse historici beskou en sy studie van 1957, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868-1881*, as een van sy belangrikste werke. Hierdie boek, wat ook in Engels vertaal is, is lank in Suid-Afrika en in die buiteland aanvaar as die belangrikste studie oor die oorsprong van Afrikanernasionalisme. Sedertdien het daar 'n aantal wetenskaplike werke verskyn waarin beskouinge gehuldig word wat in verskeie opsigte van dié van Van Jaarsveld verskil. Hierdie werke word kortliks bespreek en daar word aangedui dat hul interpretasies in baie gevalle beïnvloed is deur algemene teorieë oor die aard van nasionalisme. Daar word in die artikel tot die slotsom gekom dat Van Jaarsveld se werk nie as verouderd afgemaak kan word nie. Intendeel, dit bly een van enkele goed nagevorste studies oor vroeë Afrikanernasionalisme en is steeds van groot waarde, ook binne die konteks van huidige invloedryke teorieë oor nasionalisme.

## INLEIDING

F.A. van Jaarsveld (1922-1995) is al bestempel as die prominentste figuur in die Afrikaanstalige geskiedskrywing van die twintigste eeu (Tempelhoff 1996:25) en selfs as Suid-Afrika se grootste historikus (Liebenberg 1995:45). Sy boek *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1868-1881* (Van Jaarsveld 1957), wat hy op 35-jarige ouderdom die lig laat sien het en wat later in Engels vertaal is (Van Jaarsveld 1961), word volgens die historikus S. F. Malan (1996: 288) “deur baie historici as Van Jaarsveld se beste historiese werk beskou en is jare lank erken as dié gesaghebbende werk oor Afrikanernasionalisme” (vgl. ook Du Bruyn 1982: 58; Du Toit 1984:53; Giliomee 1987a:115; Liebenberg 1995:45). Latere skrywers oor Afrikanernasionalisme het dikwels na die boek verwys, meesal met instemming, maar soms ook deur kritiek daarop te lewer. Daar is al verskeie artikels oor Van Jaarsveld se geskiedwerke geskryf (o.m. Du Bruyn 1982; Kapp 1982; Malan 1982 en 1996; Du Toit 1984; Tempelhoff 1995 en 1996; Verhoef 1995; Mouton & Van Jaarsveld 2004), maar in geen van die studies word meer as enkele bladsye aan *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn* gewy nie. In hierdie artikel word gepoog om die vraag te beantwoord in hoeverre die beskouing oor die ontstaan van Afrikanernasionalisme<sup>1</sup> wat Van Jaarsveld in sy boek uiteensit die toets van die tyd deurstaan het en of hy in hierdie opsig 'n blywende bydrae tot die geskiedskrywing gelewer het.

Daar bestaan heelwat verskille in die beskouing van historici oor die ontstaan van Afrikanernasionalisme, wat saamhang met verskillende sieninge van nasionalisme as algemene verskynsel. In hierdie artikel word eers kortliks aandag gegee aan die ontwikkeling van wetenskaplike denke oor nasionalisme voor 1957 en daar word ook gefokus op die vroeë wetenskaplike bestudering van die oorsprong van Afrikanernasionalisme. Teen hierdie agtergrond word Van Jaarsveld se

---

<sup>1</sup> Van Jaarsveld maak 'n onderskeid tussen die begrippe nasionale bewussyn en nasionalisme, soos later verder verduidelik word. Die laaste afdeling van die boek (Van Jaarsveld, 1957:115-176) dra die titel *Geestelike eenwording: die ontstaan van Afrikaanse nasionalisme (1877-1881)* en die Engelse vertaling van die hele boek (Van Jaarsveld, 1961) is getiteld *The awakening of Afrikaner nationalism, 1868-1881*. Die werk handel dus ten minste gedeeltelik oor die ontstaan van Afrikanernasionalisme.

interpretasie bekyk en daar word nagegaan in welke mate sy werk vernuwing teweeg gebring het. Daarna sal latere beskouinge oor nasionalisme in die algemeen en oor die ontstaan van Afrikanernasionalisme in die besonder bespreek word ten einde die waarde van Van Jaarsveld se bydrae te bepaal binne die konteks van latere studies waarin hierdie vraagstukke behandel word.

## VROEË STUDIES OOR NASIONALISME

Die term nasionalisme is waarskynlik vir die eerste keer in 1798 gebruik om die politieke strewe van die Jakobyne tydens die Franse Rewolusie te beskryf (Kamenka 1973:8). In die negentiende eeu het nasionalisme 'n belangrike rol in die politieke ontwikkelinge in Europa gespeel en is die woord nasionalisme baie gebruik, maar is die verskynsel van nasionalisme nie wetenskaplik bestudeer nie. Volke<sup>2</sup> het 'n sentrale rol in die filosofiese stelsels van invloedryke denkers soos J.G. Herder, J.G. Fichte en G.W.F. Hegel gespeel. Hierdie filosowe het 'n belangrike invloed uitgeoefen, nie net op die ontwikkeling van nasionalisme in Duitsland en ander Europese lande nie, maar inderdaad ook op die algemene beskouinge oor volke en/of nasies gedurende die negentiende eeu (Kedourie 1993; Smith 2000:9-10). Die opvatting dat 'n volk of nasie 'n fundamentele kategorie is waarin die mensheid onderverdeel kan word, vergelykbaar met die verdeling van diere in spesies, was gedurende hierdie eeu wyd verspreid in wetenskaplike kringe (Kamenka, 1973:11). Een van die eerste wetenskaplikes wat hierdie beskouing bevestig het, was die Franse denker Ernest Renan (1823-1892) wat van mening was dat 'n nasie nie net 'n groep mense is wat in dieselfde gebied woon, dieselfde taal praat en/of dieselfde godsdiens het nie, maar dat 'n nasie net 'n nasie is solank dit byeen gehou word deur gemeenskaplike herinneringe van opofferings wat in die verlede gemaak is en die wil om ook in die toekoms opofferings vir die nasie te maak (Kamenka 1973:12; Kramer 1997:533; Smith 1998:9-10).

Die twee wêreldoorloë het die bestudering van nasionalisme deur historici, politieke wetenskaplikes, sosioloë en filosowe bevorder. Die beskouinge van enkele invloedryke skrywers oor nasionalisme voor 1957 word hieronder kortliks saamgevat.

Die Amerikaanse historikus Carlton Hayes was 'n pionier op die gebied van die bestudering van nasionalisme as historiese verskynsel. Die feit dat soveel mense in die Eerste Wêreldoorlog bereid was om vir hul land te sterf, het hom tot die beskouing gelei dat nasionalisme vir baie Europeërs 'n godsdiens geword het wat die plek ingeneem het van die tradisionele Europese Christendom wat volgens hom vanaf die sewentiende eeu in verval geraak het (Hayes 1926; vgl. Kramer 1997:533-534).

Albei wêreldoorloë het Hans Kohn (1891-1971), 'n Amerikaanse geleerde van Duits-Joodse afkoms, beïnvloed om die verskynsel van nasionalisme te bestudeer (Kohn 1944:vii-x). Sy *The idea of nationalism* (1944) word tans nog as 'n klassieke studie oor nasionalisme beskou (Smith 1986:228; Kramer 1997:527). Soos Hayes meen Kohn dat, waar Westerlinge se hoogste lojaliteit vroeër teenoor die kerk of hul familie was, hierdie lojaliteit vanaf die agtiende eeu na die staat en die nasie verskuif het (Kohn 1944:12). Die opkoms van die middelklas en die moderne gesentraliseerde staat was 'n voorvereiste vir die ontstaan van nasionalisme (Kohn 1944:4). In vroeëre eeue was daar dikwels wel 'n gevoel van nasieskap onder 'n elitegroep in die samelewing aanwesig, maar die meeste inwoners van 'n staat het nie eers besef dat die taal wat hulle gepraat het oor 'n groot gebied versprei was nie (Kohn 1944:6). Mense het vroeër slegs 'n bepaalde liefde vir hul eie dorp, stad of

---

<sup>2</sup> Sover moontlik word in die artikel die term volk vir die Duitse woord *Volk* en die Engelse woorde *people* en *folk* gebruik, terwyl die Engelse en Franse term *nation* vertaal word met die woord nasie.

omgewing gehad; vaderlandsliefde is nie 'n natuurlike verskynsel nie, maar die gevolg van besondere historiese en intellektuele omstandighede (Kohn 1944:8). Eers in die agtiende eeu het die besef van deel wees van dieselfde nasie deurgedring na die hele bevolking en kan van nasionalisme gepraat word. Kohn noem nasionalisme “a state of mind, an act of consciousness” (Kohn 1944:10, 18) en sien die intellektuele oorsprong daarvan in die Verligtingsdenke van die agtiende eeu. Die Verligting het met sy klem op die vryheid van die individu mense losgemaak van die onvoorwaardelike aanvaarding van koninklike en kerklike gesag, maar daarmee ook die grondslag waarop die samehörigheid van die samelewing berus het bedreig. Dit was veral die bekende denker Jean-Jacques Rousseau wat die idee bevorder het dat individue hulle trou aan die nasie eerder as aan die koning of kerklike gesagsdraers moes bewys; hiermee het dit moontlik geword om individuele vryheid met sosiale kohesie te versoen. Tydens die Franse Rewolusie is Rousseau se beskouing in die praktyk toegepas; “nationalism was to provide the integrating force of the new era which dawned over France, and through France over western mankind” (Kohn 1944:237).

Omdat Frankryk en Groot-Brittanje in die laat agtiende eeu reeds 'n sterk middelklas gehad het, het 'n vorm van nasionalisme daar ontstaan waar politieke integrasie rondom rasonale oogmerke plaasgevind het en 'n demokratiese regeringsvorm kon ontwikkel. In Duitsland en Italië, wat verdeel was in klein staatjies en waar die middelklas betreklik klein was, het daar 'n ander vorm van nasionalisme ontstaan wat eerder 'n kulturele as 'n politieke basis gehad het; dit word deur Kohn volksnasionisme genoem. Hier was daar onder leiding van 'n klein groep intellektuele, en onder invloed van denkers soos Herder en Fichte, “a mystical integration around the irrational, precivilized folk concept” (Kohn 1944:351). Hierdie vorm van nasionalisme het ook na lande soos Rusland en Indië versprei. In die meeste van hierdie lande het nasionalisme outoritêre regeringsvorms tot gevolg gehad, en in Duitsland en Italië uiteindelik uitgeloop op die Nasionaal-Sosialisme en Fascisme. In die volksnasionisme is, volgens Kohn, belangrike idees van die Verligting, en daarmee beskouing grondliggend aan die Westerse Beskawing, verwerp (Kohn 1944: 353-354).

Kohn was 'n filosoof en intellektuele historikus en het die ontstaan van nasionalisme veral in veranderinge in mense se lewensbeskouing gesoek, sonder om die kulturele, maatskaplike en ekonomiese oorsake wat tot hierdie veranderinge gelei het verder na te vors. Die sosioloog Karl Deutsch (1953) het 'n aspek waaraan Kohn maar min aandag gegee het na vore gebring, naamlik dat nasionalisme, as 'n idee of gevoel wat by baie mense in 'n groot gebied voorkom, net moontlik is as idees maklik onder groepe mense kan versprei. Naas baie ander ontwikkelinge was die ontstaan van gestandaardiseerde skryftale, waarin die kommunikasiegaping oorbrug is tussen die talle dialekte wat in Europese lande gepraat is, 'n belangrike voorvereiste vir die ontstaan van nasionalisme.

## **DIE VROEË BESTUDERING VAN DIE ONTSTAAN VAN AFRIKANERNASIONALISME**

*Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn* is die eerste omvattende wetenskaplike studie oor die ontstaan van Afrikanernasionalisme. In vroeëre werke deur historici en ander wetenskaplikes word net baie kortliks oor Afrikanernasionalisme geskryf. Slegs die beskouing oor die ontstaan en vroeë ontwikkeling van Afrikanernasionalisme van enkele belangrike skrywers word hier bekyk.

Verskeie historici het hulle sedert die dertigerjare van die vorige eeu uitgelaat oor die vraag of die Groot Trek 'n uiting van nasionalisme was of nie. Uys (1933:6) skryf die Voortrekkers “were utterly wanting in those elements which could have transformed them into a nation and, above all, they developed no national consciousness”. In aansluiting hierby verklaar Pelzer (1950:51) dat

daar teen die middel van die negentiende eeu by die Voortrekkers en hul afstammeling in Transvaal van 'n samehorigheidsgevoel, wat, soos hy self aandui, 'n noodsaaklike voorwaarde van nasionalisme is, feitlik nie sprake was nie. Daarteenoor sien Coetzee (1941:27) “nasionale bewuswording” as die vernaamste oorsaak van die Trek en meen Beyers (1941:14) dat die Voortrekkers “as nasionaal bewuste Afrikaners hul geboortegrond ... verlaat het”. Muller (1949:79) kom tot die slotsom dat daar “'n same- en wisselwerking tussen die mate van nasionale bewussyn wat onmiddellik vóór die Voortrek bestaan het en die talryke griewe van die Trekkers” was. Daarbenewens is die Voortrekkers se “nasionalisme ... juis gevoed” deur die Trek. Van Jaarsveld verklaar in 'n vroeëre geskrif (Van Jaarsveld:1951:24) eweneens dat “die nasionale of ‘volks’-besef wat op die Oosgrens maar swak ontwikkel of latent was”, tydens die Groot Trek geleidelik tot ontplooiing gekom het.

In sy werk oor die Kaaplandse Afrikaners en die vroeë ontwikkeling van Afrikaans gee Scholtz (1939) heelwat aandag aan die groei van, wat hy noem, 'n nasionale gesindheid onder die blanke Afrikaanssprekende inwoners van die Kaapkolonie in die periode voor 1875. Hy dui onder meer aan dat gebeure wat die afstammeling van die Voortrekkers in die Oranje-Vrystaat en Transvaal geraak het, soos die Basoeto-oorloë en Britse optrede om die diamantvelde onder hul beheer te kry, die Afrikaanssprekendes se anti-Britse gevoel versterk het en daartoe gelei het dat hulle “tot lewendige en volledige bewussyn van hul eie nasionaliteit “ gekom het (Scholtz 1939:167). Dit het volgens hom veral in die Paarl tot 'n “nasionalistiese beweging” (Scholtz 1939:170,249) gelei, waarvan die Eerste Taalbeweging 'n belangrike deel uitgemaak het.

Reeds meer as twee dekades voor die verskyning van *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn* was daar historici wat aangetoon het dat die Britse anneksasie van Transvaal in 1877 en die daaropvolgende oorlog 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme gehad het, maar hulle het net enkele sinne of paragrawe aan die onderwerp gewy. Volgens Engelbrecht (1933:216) en De Kiewiet (1941:122) het die anneksasie en Vryheidsoorlog veral 'n Transvaalse nasionalisme aangewakker, maar Uys (1933:428,445) is van mening dat die anneksasie 'n belangrike gebeurtenis in die ontwikkeling van 'n nasionale bewussyn onder die Boere binne en buite die grense van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) was. Bosman (1951:420) skryf dat die anneksasie van Transvaal “die Afrikaners van noord tot suid wakker geskud en die nasionale eenheidsgevoel versterk” het (vgl. ook De Villiers 1951:641 en Wiid 1951:452-453).

Van die bogenoemde werke bevat slegs die studie van Muller (1948:73-75) enkele verwysings na algemene werke oor nasionalisme. Geen van die skrywers verskaf definisies wanneer hulle begrippe soos nasionalisme en nasionale bewussyn gebruik nie.

## **VAN JAARVELD SE INTERPRETASIE VAN DIE ONTSTAAN VAN AFRIKANER-NASIONALISME**

In sy *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn* verwys Van Jaarsveld, net so min as die skrywers wat in die vorige afdeling genoem is, na algemene werke oor nasionalisme. In die eerste druk van die boek verskaf hy ook geen definisie van nasionale bewussyn en ander terme nie, maar in die tweede druk (Van Jaarsveld 1959) is daar 'n voorwoord bygevoeg waarin hy verduidelik wat hy onder die begrippe volk, nasie, nasionale bewussyn en nasionale gevoel verstaan. Hy meen dat 'n volk meer deur onbewuste as bewuste “samehorigheidsgevoelens” byeen gehou word, naamlik “eenheid van geloof, taal en bloed en 'n homogene sosiale struktuur”. Die begrip nasie gebruik hy om die “bewussyn van samehorigheid” uit te druk. Nasionale bewussyn beteken dan 'n “bewuste beleving van nasieskap” en nasionale gevoel “dui op 'n gevoel van trots oor 'n bereikte prestasie of op 'n strewe om bymekaar behorende volksgroepe tot eenheid te smee en 'n

nuwe staatkundige vorm te gee". Soos verder in die boek blyk, kan laasgenoemde omskrywing ook vir sy beskouing van nasionalisme gebruik word.

Van Jaarsveld onderskei drie tydperke in die geskiedenis van, wat hy noem, die Afrikaanssprekendes, naamlik die tydperk van volkswording wat reeds tydens die Nederlandse tydperk aan die Kaap begin het, die tydperk van nasionale selfbewuswording, wat van ongeveer 1868 tot 1877 geduur het en die tydperk van die ontstaan van Afrikaanse nasionalisme, naamlik die jare 1877-1881 (Van Jaarsveld 1957: Probleemstelling, ongenommerde bladsy). In aansluiting by sy beskouing dat die Groot Trek 'n rol gespeel het om die Voortrekkers se nasionale bewussyn te ontplooi, soos in die afdeling hierbo vermeld, skryf hy dat die optrede van die Britse regering teenoor die Trekkers 'n prikkel was wat hulle in die rigting van die vorming van 'n volksbewussyn gestuur het, maar dat die prikkel na 1852 verdwyn het en daarmee die proses van nasionale bewuswording tot stilstand gebring het (Van Jaarsveld 1957:17). Die periode 1836-1868 tipeer hy dan as 'n tydperk waarin die verskillende groepe Afrikaners van mekaar geskei is en in afsondering van mekaar geleef het. Na 1868 het Groot-Brittanje weer aktief by die gebied noord van die Oranjerivier betrokke geraak, wat uitgeloop het op die anneksasie van Basoetoland en die diamantvelde. Hierdie nuwe Britse prikkel het die proses van nasionale selfbewuswording in die Boererepublieke en die Kaapkolonie bevorder (Van Jaarsveld, 1957:53-112), terwyl die anneksasie van Transvaal en die Vryheidsoorlog nasionalisme eers in Transvaal en daarna ook in die Vrystaat en die Kaapkolonie laat ontwaak het (Van Jaarsveld 1957:115-169). Die Oranje-Vrystaat was na die anneksasie 'n republikeinse eiland in Britse gebied en die Vrystaters het besef dat hulle onafhanklikheid ook bedreig is. Daar het 'n gevoel van lotsverbondenheid met die Transvalers ontstaan en die Vrystaatse volksgevoel het begin plek maak vir 'n Afrikaanse volksgevoel (Van Jaarsveld 1957:148). In die Kaapkolonie het die Transvaalse Vryheidsoorlog gelei tot onrus onder die blanke Afrikaanssprekende inwoners; protesvergaderings is gehou en petisies na die Britse Hoë Kommissaris gestuur. Dit het meegebring dat die Britse regering oor die lojaliteit van die Kaapse koloniste bekommerd was en hierdie kommer het waarskynlik daartoe bygedra dat daar uiteindelik 'n vredesverdrag gesluit is waarby die ZAR sy onafhanklikheid herwin het (Van Jaarsveld 1957:157-158). Die Vryheidsoorlog het 'n kloof laat ontstaan tussen dié Kaapse Afrikaners wat die Transvalers gesteun en by wie 'n Afrikaanse nasionale Afrikaanse gevoel aanwesig was, aan die een kant, en die Engelssprekendes en "Engelsgesinde" Afrikaanssprekendes, aan die ander kant (Van Jaarsveld 1957: 165). Die jarelange Britse beleid om die eenheidsgevoel tussen, veral, die blanke inwoners van die Kaapkolonie te versterk is deur die bevordering van groter Britse ryksbelange in Suider-Afrika ernstig benadeel (Van Jaarsveld 1957:165-166).

Van Jaarsveld sien die ontstaan van Afrikanernasionalisme veral as 'n reaksie op Britse beleid en optrede in Suider-Afrika. Daar het onder Afrikaners 'n gesamentlike besef ontstaan van "verneder, geminag en in die eer en waardigheid gekrenk te wees" en van "'n onderdruktheid en onderworpenheid" (Van Jaarsveld 1957:174). In hierdie omstandighede het Afrikaners mekaar as lotgenote ontdek, is daar lojaliteit teenoor mekaar betuig en "voortdurend verwys na die bande van bloed, ras en afstamming" (Van Jaarsveld 1957:174). Hy skryf ook dat die Afrikaners die nasie as 'n soort mistieke liggaam beskou het, wat meer was as die individuele lede. Daar was nou 'n bewustheid van die nasie se "kulturele eienskappe en taal, sy sedes, gebruike en gewoontes en veral godsdienstige gesindheid" (Van Jaarsveld 1957:174). Hierdie klem op kultuur het volgens Van Jaarsveld veral in die Kaapkolonie na vore gekom (Van Jaarsveld 1957:174-175). Dit was ook veral onder die Kaapse Afrikaners dat 'n veragting vir Engelsgesinde Afrikaners ontwikkel het, gepaardgaande met die gevoel dat iemand se waarde in sy graad van Afrikanerskap lê; "wie aan die mistieke liggaam van die nasie behoort kry 'n gevoel van sekerheid, waarde en selfvertroue" (Van Jaarsveld 1957:175). Afrikaanse nasionalisme het volgens Van Jaarsveld ook gepaard gegaan met

“’n gevoel van geroepenheid en uitverkorenheid”. Dit is as God se wil gesien dat “die Afrikaanse volk eenmaal vry van Britse gesag en onder eie vlag in Suid-Afrika sou lewe” (Van Jaarsveld 1957:175). ’n Verdere kenmerk van die vroeë Afrikanernasionalisme was ’n liefde vir die volksverlede; “die voorouers is verheerlik en die helde vereer”. Die nasionaliste het die geskiedenis dan ook gebruik om nasionalisme onder die jeug te bevorder (Van Jaarsveld 1957:175-176).

Van Jaarsveld se beskrywing van die kenmerke van vroeë Afrikanernasionalisme toon dat hy met ’n krities wetenskaplike oog na die verskynsel van nasionalisme kyk. Hy wys egter nêrens daarop dat die eienskappe van nasionalisme wat onder die Afrikaners voorgekom het in baie opsigte met dié van nasionalisme in ander wêrelddele ooreenkom nie. In die voorwoord tot die Engelse uitgawe verklaar hy dat hy nie Afrikanernasionalisme as iets unieks beskou nie, maar dat dit nie sy bedoeling was om ’n vergelykende studie aan te pak nie (Van Jaarsveld 1961:4). Sy werk toon ’n goeie begrip van nasionalisme as algemene verskynsel en dit is waarskynlik dat Van Jaarsveld werke soos dié van Kohn (1944) en Deutsch (1953) gelees het, maar dit kom nie duidelik na vore dat hierdie studies ’n invloed op sy interpretasie van die ontstaan van Afrikanernasionalisme gehad het nie. Van Jaarsveld het heelwat argiefstudie gedoen, maar daarbenewens hoofsaaklik koerante uit die periode 1868-1881 gebruik om aan te toon hoedat ’n nasionale gevoel onder Afrikaners na vore gekom het. Hy stel egter nie die vraag aan die orde of die koerante al die Afrikaners bereik het en of nasionalisme teen 1881 wel by die groot meerderheid Afrikaners aanwesig was nie. Hy gaan ook nie in op die vraag waarom die nasionale gevoel net onder blanke Afrikaanssprekendes ontstaan het en nie ook onder bruin Afrikaanssprekendes nie. Hy verwys wel na die verbetering in kommunikasie-middele wat daar binne al die state in Suid-Afrika na die ontdekking van goud en diamante gekom het (Van Jaarsveld 1957:159), maar dui nie aan of hy dit as ’n noodsaaklike voorwaarde beskou vir die ontstaan van Afrikanernasionalisme nie.

Van Jaarsveld bied ’n veel meer volledige en diepgaande behandeling van die oplewing van Afrikanernasionalisme in die periode 1868-1881 as enige vroeëre skrywer en gee ook vir die eerste maal ’n duidelike uiteensetting van die kenmerke van die vroeë nasionalisme.

## STUDIES OOR NASIONALISME SEDERT 1957

Daar het in die afgelope halfeeu ’n groot aantal studies verskyn waarin ’n verskeidenheid beskouings oor die aard van nasionalisme na vore kom. Hierdie beskouings word in verskillende werke saamgevat. Daarom word hier net baie kortliks enkele invloedryke beskouings bespreek.

Wetenskaplikes soos Hayes, Kohn en Deutsch het die verskynsel van nasionalisme krities bekyk, sonder om ’n sterk positiewe of negatiewe oordeel daaroor te vel. Kohn het wel ’n onderskeid gemaak tussen “Westerse” nasionalisme, waaroor hy hoofsaaklik in positiewe terme oordeel en “Oosterse” nasionalisme (waaronder hy ook Duitse nasionalisme reken), wat hy veral negatief beoordeel. Hierdie onderskeid tussen “goeie” en “slegte” nasionalisme kom ook in latere werke soos dié van Greenfeld (1992) voor. Elie Kedourie (1960) was een van die eerste skrywers om die hele verskynsel van nasionalisme in hoofsaaklik negatiewe terme te beoordeel. Soos Kohn sien Kedourie die uiteindelijke oorsprong van nasionalisme in die denke van die Verligting, maar hy meen dat die verdere ontwikkeling van hierdie beskouings in die Duitse Romantiek die direkte basis vir die ontstaan van nasionalisme vorm. Die feit dat die Duitse intellektuele geen invloed kon uitoefen in die outoritêre staatjies wat daar gedurende die vroeë negentiende eeu in Duitsland bestaan het nie en gemarginaliseerd gevoel het, het veral gelei tot hulle romantiese fantasieë oor die volk. In ’n latere uitgawe van sy werk (Kedourie 1993, xiii-xvi) noem hy nasionalisme ’n ideologie wat, soos ander ideologieë, daarop gerig is om ’n samelewing te vestig waarin vrede heers en almal gelukkig lewe. Aanhangers van nasionalistiese ideologieë glo dat probleme soos onderdrukking,



vervreemding en verarming opgelos kan word as elke nasie homself kan uitleef in sy eie onafhanklike staat. In Europa het hierdie ideologiese obsessie, soos hy dit noem, homself uitgewoed in die periode van 1848 tot 1945. Volgens Kedourie het dit daarna duidelik geword dat nasionalisme nie 'n oplossing bied vir probleme van onderdrukking en vervreemding nie en dat die idee van nasionale selfbesikking nie tot internasionale orde nie, maar eerder tot wanorde lei.

In die Marxistiese denke is nasionalisme beskou as 'n inherente deel van die ontwikkeling van die kapitalistiese stelsel en is die verskynsel aanvanklik nie in besonder bestudeer nie (Kotze 1970:15-16; Smith 1998:12). Twee Britse wetenskaplikes met 'n Marxistiese agtergrond, Tom Nairn en Eric Hobsbawm, het 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van Marxistiese opvattinge van nasionalisme gehad. Volgens Nairn (1977:336-337) het die feit dat kapitalisme nie oral in die wêreld gelykmatig ontwikkel het nie tot gevolg gehad dat die middelklas in hoog ontwikkelde Westerse landstreke kapitalisme op onderontwikkelde gebiede afgedwing en hierdie gebiede uitgebuit het ter wille van die verdere ontwikkeling van die kerngebiede. Om hierdie imperialistiese uitbuiting teen te gaan, probeer elitegroepe in die geëksploteerde randgebiede die massa mobiliseer deur, soos die denkers van die negentiende-eeuse Duitse Romantiek, die argaïese volkskultuur te gebruik om 'n nasionale kultuur op te bou (Nairn 1977:340; vgl. Smith 1998:49-57). Hobsbawm, 'n bekende historikus, sien nasionalisme as iets wat hoort tot 'n bepaalde fase van die tegniese en ekonomiese ontwikkeling van die samelewing, naamlik die negentiende-eeuse periode van hoëkapitalisme in Europa. Nasionalisme is hoofsaaklik 'n politieke program wat aangewend is met die spesifieke doel om nasiestate te vorm (Hobsbawm 1992:9-10; vgl. Smith 1998:117-123). Dit is dus 'n instrument wat deur die kapitalistiese elite gebruik word om die massa se emosies in 'n bepaalde rigting te kanaliseer. Soos Kedourie staan hy sterk negatief teenoor nasionalisme, hoewel hy aanvaar dat dit 'n bepaalde historiese rol het om te vervul (Smith 1998:125).

Die filosoof Ernest Gellner (1983) beskou, soos Hobsbawm, nasionalisme as 'n verskynsel wat veral binne die konteks van ekonomiese ontwikkeling verklaar moet word. In die proses van oorgang van agrariese na industriële samelewings speel nasionalisme volgens hom 'n belangrike rol. 'n Industriële ekonomie het groot groepe mense nodig wat dieselfde taal verstaan, dieselfde reëls volg en dieselfde tegniese middele kan aanwend. Nasionalisme is 'n instrument om mense te integreer in nasies, waaronder hy samelewings verstaan waarin alle mense deel het aan 'n hoër vlak van kultuur as in die ou landbousamelewings. Kenmerke van hierdie kultuur is onder meer geletertheid, 'n gestandaardiseerde taal en die aanwesigheid van onderwysinstellings (Gellner 1983:50-51). Vir Gellner is nasies essensieel vir die funksionering van 'n nywerheidsamelewing en het nasionalisme dus 'n hoofsaaklik positiewe funksie (vgl. Kramer 1997:529; Smith 1998:35-44).

Hobsbawm en Gellner sien albei nasionalisme as 'n instrument om nasies te skep of uit te vind. Hierdie beskouing is verder gevoer deur Benedict Anderson. Sy definisie van nasies as "imagined communities" is deur baie skrywers oorgeneem en kom dikwels in resente studies voor (vgl. Smith 1998:129). 'n Nasie is 'n verbeelde gemeenskap omdat "the members of even the smallest nation will never know most of their fellow-members, meet them or even hear of them, yet in the minds of each lives the image of their communion" (Anderson 1991:6). 'n Wisselwerking tussen verskillende faktore het dit moontlik gemaak dat groot groepe mense hulle kan verbeel dat hulle behoort tot die groter geheel van 'n nasie. Hy beskryf die wisselwerking as "interaction between a system of production and productive relations (capitalism), a technology of communication (print), and the fatality of linguistic diversity" (Anderson 1991:42-43). Waar Kohn en Kedourie nasionalisme hoofsaaklik uit die deurwerking van bepaalde filosofiese beskouinge verklaar en Nairn, Hobsbawm en Gellner ekonomiese faktore as essensieel tot die ontstaan van nasionalisme beskou, beklemtoon Anderson die rol van kulturele faktore en in besonder die gedrukte woord.

Anderson se beskouing het die weg gebaan vir die postmodernistiese siening van die nasie as 'n narratief van die verbeelding (Smith 1998:138), soos veral in die werk van Bhabha (1990) na vore kom.

Terwyl die beskouing dat nasies eintlik die produkte van nasionalisme is, gehuldig word deur die vernaamste skrywers vanaf die laat negentiende eeu, is daar in die afgelope paar dekades werke gepubliseer waarin hierdie siening bevraagteken word. John Armstrong (1982) probeer aantoon dat die groepsidentiteit wat in nasies aanwesig is, gesien moet word as 'n voortsetting van die groepsidentiteit wat 'n algemene kenmerk is van etniese groepe, en sulke groepe het al in die vroegste verlede bestaan (vgl. Smith 2000:50). Anthony Smith (1986) is van mening dat 'n studie van die verskynsel van etnisiteit kan lei tot 'n beter begrip van die aard van nasies en nasionalisme. In twintigste-eeuse studies oor nasionalisme is die beskouing van die denkers van die Duitse Romantiek en van negentiende-eeuse wetenskaplikes dat nasies of volke basiese eenhede in die menslike samelewing is, skerp gekritiseer en die klem gelê op faktore wat daartoe lei dat daar onder 'n groep mense 'n beskouing of gevoel ontstaan dat hulle deel vorm van 'n nasie. Smith wys daarop dat soortgelyke beskouinge en gevoelens onder alle etniese groepe voorkom. Hy definieer "ethnic communities" as "named human populations with shared ancestry myths, histories and cultures, having an association with a specific territory and a sense of solidarity" (Smith 1986:32). Die transformasie van kleiner etniese groepe tot nasies is 'n proses wat in verskillende Europese lande al in die Middeleeue begin het. Die uitbreiding van etniese gemeenskappe wat net die elite omvat om ook die laer klasse in te sluit, het in lande soos Frankryk en Groot-Brittanje plaasgevind deur die vestiging van burokratiese state; in hierdie gevalle was dit "the bureaucratic state itself which forged the nation, gradually penetrating to outlying regions from the ethnic core and down the social scale" (Smith 1998:194). In Sentraal- en Oos-Europa, en later ook in dele van Asië en Afrika, was daar meesal nie sulke state aanwesig nie. Hier het intellektuele wat bande met bepaalde etniese groepe gehad het gebruik gemaak van "a selective ethno-history", wat opgebou is uit bestaande mites, simbole en tradisies, om die gewone mense te mobiliseer en te omvorm tot etniese nasies – die term wat Smith vir hierdie nasies gebruik (Smith 1998:194).

Daar word in resente studies dikwels verwys na die werk van John Breuilly (1993; vgl. Smith 2000:30-32). Hy verskil van bogenoemde wetenskaplikes veral in sy siening dat filosofiese, sosiologiese en ekonomiese teorieë oor nasionalisme nie van groot waarde is om nasionalisme as politieke beweging te verstaan nie. Volgens Breuilly behoort nasionalisme gesien te word as 'n politieke verskynsel; "nationalism is, above, and beyond all else, about politics" (Breuilly 1993:1). 'n Nasionalistiese beweging probeer staatsmag verkry en regverdig sy strewe deur 'n politieke dogma, wat inhou dat daar 'n nasie met 'n eie besondere aard bestaan, dat die belange en waardes van die nasie voorkeur bo alle ander belange en waardes behoort te kry en dat die nasie so onafhanklik as moontlik moet wees (Breuilly 1993:2). Nasionalisme kom slegs in moderne state sedert die vroeë negentiende eeu voor en neem gewoonlik die vorm aan van teenstand teen 'n bestaande bewind. In negentiende-eeuse Europa wou nasionalistiese bewegings klein staatjies verenig tot nasiestate (Duitsland en Italië) of ryke (in besonder die Habsburgse en Ottomaanse ryke) opbreek om nasiestate te vorm, terwyl daar in die Europese kolonies in Asië en Afrika anti-koloniale nasionalisme ontstaan het in die vorm van weerstandsbewegings teen die koloniale heersers. Breuilly is van mening dat daar in nasionalistiese bewegings wel leiersfigure is wat politieke idees formuleer en bewegings organiseer, maar dat intellektuele en ideologieë nie noodwendig 'n primêre rol in die totstandkoming van hierdie bewegings speel nie (Breuilly 1993:50-51).

## INTERPRETASIES VAN DIE ONTSTAAN VAN AFRIKANERNASIONALISME SEDERT 1957

Van Jaarsveld se beskouing oor die ontstaan van Afrikanernasionalisme word deur verskeie latere Afrikaanse geskiedskrywers onderskryf (o.m. Scholtz 1974:599-601; Duvenage 1978:15-16; Van Zyl 1979:169; Zietsman 1992:6-7), terwyl Tempelhoff (1981) die ontstaan en ontplooiing van Afrikanernasionalisme in Transvaal gedurende die periode 1877-1881 in meer besonderhede en met besondere aandag aan ekonomiese en sosiale aspekte ondersoek. Ook in verskeie Engelstalige werke deur Suid-Afrikaanse én buitelandse skrywers word beskouings gehuldig wat in hooftrekke met dié van Van Jaarsveld ooreenkom. Patterson (1957:26), Vatcher (1965:23), Davenport (1966:322), De Villiers (1971:366) en Robinson & Gallagher (1981:64) skryf almal dat Afrikanernasionalisme vir die eerste keer sterk na vore gekom het na die anneksasie van Transvaal en tydens die Transvaalse Vryheidsoorlog.

Daar is egter ook verskeie skrywers wat van Van Jaarsveld verskil. Die Bloemfonteinse historici M.C.E. van Schoor en J.J. Oberholster is van mening dat Afrikanernasionalisme reeds veel vroeër ontstaan het. Hulle glo dat die agtiende-eeuse Patriottebeweging in die Kaapkolonie “vir die eerste keer op ’n bewuste en waarneembare wyse aan die volksbewussyn uitdrukking en gestalte” gee (Van Schoor 1963:20; vgl. Oberholster 1983:8,12). Van Schoor (1963:49) sien die “sluimerende volksbesef” van die Afrikaanse grensboere ook as ’n diepere beweegrede vir die Groot Trek en Oberholster (1983:23) skryf dat die “kieme van nasionalisme” in die Trek aanwesig was. In hul botsings met die Britse owerheid is die Trekkers se volksgevoel verder aangewakker (Van Schoor 1963:67). Aansluitend hierby skryf Kotze (1968:29) dat die Afrikaners se drang om hul “volkskenmerke, waardes en belange” in ’n eie staat te beskerm en te bevorder reeds voor en tydens die Groot Trek aanwesig was. Oberholster glo dat waar Van Jaarsveld ’n gebrek aan nasionaliteitsgevoel onder die Afrikaners voor 1868 sien, hierdie gevoel nog as ’n “onderstroom vloei” (Oberholster 1958:208). Omdat Van Jaarsveld “nie tot die volle diepte van die Afrikaner se wordende volksbewussyn afsteek nie, is die gevolgtrekkinge daarvoor te veel na die uiterlike waargeneem en derhalwe ook te min na die innerlike blootgelê” (Oberholster 1958:208). Volgens Van Schoor (1963:50) is “nasionalisme, nasionale bewussyn, volksbewussyn, volksgevoel en dergelike geestelike verskynsels in abstraksie gehul” en kan derhalwe nie maklik uit bronne ondersoek bestudeer word nie. Laasgenoemde uitlatings van Oberholster en Van Schoor laat die vermoede ontstaan dat hulle self deur ’n nasionalistiese bril na die geskiedenis kyk en nasionalisme en nasionale bewussyn in hul gegewens inlees. Die neiging by skrywers wat deur nasionalistiese beskouings beïnvloed is om hierdie beskouings in die verlede terug te projekteer kom voor in werke van Europese historici, veral gedurende die negentiende eeu, en ook by sommige twintigste-eeuse Afrikaanse geskiedskrywers (vgl. Fueter 1936:454,542-546; O’Meara 1983:4; Giliomee 1987:122; Kapp 2002:717-719).

Aan die ander kant is daar ’n aantal skrywers wat daarvan oortuig is dat die oorsprong van Afrikanernasionalisme heelwat later as 1880 gesoek moet word. Schreuder (1969:474) skryf dat daar tydens die Transvaalse Vryheidsoorlog wel ’n band van simpatie tussen die “Cape Dutch” en die “Republican Boers” gevorm is, en dat daar teen daardie tyd ’n Afrikaanse etniese groep en ’n Afrikaanse taal bestaan het, maar dat die eenheidsgevoel tussen die verskillende groepe Afrikaners net ’n tydelike verskynsel was. Hierdie eenheid was eintlik net ’n lugspieëling wat deur die hitte van die stryd veroorsaak is, maar “alike a mirage it faded when the political scene moved on cooler levels” (Schreuder 1969:474). Hy wys daarop dat die verhouding tussen Paul Kruger, president van die ZAR, en J.H. Hofmeyr, leier van die Afrikanerbond, waarin die meeste Kaapse Afrikaners verenig was, nooit baie goed was nie. Veral nadat Duitsland in 1884 ’n kolonie in Suidelike Afrika gevestig het, het

Hofmeyr hom sterk uitgespreek ten gunste van Britse oppermag in die gebied, terwyl Kruger juis Britse mag in Suider-Afrika as 'n bedreiging vir die onafhanklikheid van sy republiek gesien het. Schreuder beklemtoon die verskille in belange tussen die Kaapse en Transvaalse Afrikaners om daarmee tot die gevolgtrekking te kan kom dat die Britse regering se beleid na 1880 beïnvloed is deur 'n vrees wat eintlik ongegrond was, naamlik die vrees vir 'n sterk oplewing van 'n "pan-Afrikaanse" nasionale gevoel in Suid-Afrika. Hy het nie veel navorsing gedoen om hierdie konklusie te substansieer nie, maar word deur skrywers soos Hexham (1981:6) met instemming aangehaal omdat dit inpas by hul beskouing dat Afrikanernasionalisme eers in die twintigste eeu ontstaan het. Hexham probeer aantoon dat Afrikanernasionalisme kort na die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 ontstaan het. Dit het nie spontaan ontwikkel nie, maar is saam met apartheid geskep deur die Doppe-intellektuele van Potchefstroom onder invloed van die Nederlandse Neo-Calvinisme (Hexham 1981:4-6). Hierdie beskouing is skerp gekritiseer, onder meer deur Giliomee (1984:29-30) en Schutte (1986:143-169), en word nie deur latere skrywers gesteun nie.

In die oorsigwerk *Reader's Digest illustrated history of South Africa; the real story* (Reader's Digest, 1988) word geskryf dat S.J. du Toit, wat in 1875 die Genootskap van Regte Afrikaners en in 1879 die Afrikanerbond gestig het, gepoog het om Afrikanernasionalisme op te bou, maar dat sy pogings op die lange duur nie kon slaag nie omdat die groei van ware nasionalisme afhanklik is van verskillende faktore, naamlik die beheer van 'n land deur 'n regerende etniese elitegroep, ongelyke nywerheidsontwikkeling en "the forging of an alliance of classes by 'professionals' eager to overcome the economic oppression of the ruling elite" (Reader's Digest 1988:197). In die tweede helfte van die negentiende eeu was daar nog maar min nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika en ook min sprake van 'n professionele klas onder die Afrikaners. Die anonieme skrywer van die betrokke gedeelte in bogenoemde werk huldig duidelik 'n Marxistiese beskouing van nasionalisme, 'n beskouing wat ook die grondslag vorm van die studies van O'Meara (1983) en Hofmeyr (1987). Hofmeyr, wat veral aansluit by Nairn se teorie van nasionalisme, skryf dat 'n elitegroep van opgevoede Afrikaners in die twee dekades na die Anglo-Boere-oorlog van 1899-1902 ander Afrikaners, wat na die oorlog verarm en verproletariseer is, op verskillende wyses probeer ophef het om so 'n Afrikanernasie tot stand te bring. Hulle het geglo dat hulle op hierdie wyse in staat gestel sou word om die voordele van die kapitalistiese stelsel, wat aanvanklik veral tot die Engelssprekendes beperk was, vir hulself te bekom (Hofmeyr 1987:115-116). Sy bespreek in besonder die "vervaardiging" of "manufacture" (Hofmeyr 1987:95) van 'n Afrikaanse literêre kultuur, wat onder meer ingehou het dat intellektuele leiers Afrikaans tot 'n skryf- en onderwystaal ontwikkel het en Afrikaanse tydskrifte en boeke uitgegee het waarmee gepoog is om alle Afrikaners te bereik. O'Meara, daarenteen, is van mening dat eers die Afrikaanse ekonomiese beweging van die dertigerjare, wat uitgeloop het op die stigting van die Reddingsdaadbond en ondernemings soos Volksskas, daartoe gelei het dat Afrikaners van alle klasse saamgesnoer is om die ekonomiese oogmerke van Afrikanernasionalisme te bereik. Die Nasionale Party kon in hierdie jare die steun van Afrikaners wen deur die ekonomiese voordele wat dit vir hulle ingehou het. Waar Hofmeyr die tydperk van 1902-1924 as die beginfase van Afrikanernasionalisme beskou, sien O'Meara die periode van 1934-1948 as die tydperk waarin Afrikanernasionalisme eers werklik sy beslag gekry het. Hierdie siening is veral deur Giliomee (1984: 35-42) gekritiseer. Hy toon onder meer aan dat steun aan die Nasionale Party in die dertigerjare geen ekonomiese voordele vir die boere van die Wes-Kaap kon inhou nie, en dat die groot aanhang van die Nasionale Party in dié gebied dus aan ander faktore toegeskryf moet word.

Die Stellenbosche geleerdes H. Giliomee en J.J. Degenaar sien die hele tydperk van ongeveer 1870 tot 1915 as die beginperiode van Afrikanernasionalisme. In 'n vroeë werk (Giliomee 1975:15) wend Giliomee soortgelyke begrippe as Van Jaarsveld aan deur te verwys na die jare 1868-1910 as

een van “awakening and growth of national consciousness”. In ’n latere studie (1987a) gebruik hy eerder die term “the beginnings of Afrikaner nationalism” en neem hy Gellner en Nairn se teorieë van nasionalisme as uitgangspunt. Giliomee aanvaar die opvatting wat in besonder deur Gellner na vore gebring is, naamlik dat nasionalisme saamhang met die proses van industrialisering en die gepaardgaande verandering van politieke en sosiale strukture. Daar was voor 1870 nog geen sprake van Afrikanernasionalisme nie want die Afrikaner het toe ’n hoofsaaklik agrariese leefwyse gehad, daar was nog nie werklik moderne state in Suider-Afrika gevestig nie en daar was nie intellektuele wat Afrikaners etnies probeer mobiliseer het nie (Giliomee 1987a:117-119). Teen 1870 het die Afrikaners reeds feitlik al die kenmerke van ’n etniese groep vertoon, en die anneksasie van die diamantvelde in 1871 en van Transvaal in 1877 het gelei tot gevoelens van geïrriteerdheid en spanning onder Afrikaners en tot uitlatings van politieke leiers en koerantredakteurs wat as nasionalisties beskou kan word. Dié gevoelens was egter nog nie voldoende om ’n nasionalistiese beweging aan die gang te sit nie (vgl. Giliomee 1987b:62-63). Hy wys onder meer daarop dat baie prominente Afrikaners nie die Eerste Taalbeweging gesteun het nie en eerder aansluiting by die Engelse kulturele wêreld wou hê. Daar het ook groot sosiale verskille tussen “hoër klas” en “laer klas” Afrikaners bestaan (Giliomee 1987a:123-124). Verder het, soos Schreuder ook aangetoon het, Kaapse Afrikaners en Transvaalse Afrikaners nie dieselfde politieke oogmerke gehad nie. Na 1870 was daar verskillende ontwikkelinge wat die ontstaan van ’n nasionalistiese beweging begunstig het. Onder meer het die staatsstelsels van sowel die Kaapkolonie as die Boererepublieke moderner en meer gesofistikeerd geword.

Uitgaande van Nairn se teorie van die ongelyke wyse waarop die kapitalisme ontwikkel, toon Giliomee aan dat baie Afrikaners in die Kaapkolonie en die twee Boererepublieke se ekonomiese posisie vanaf die laat negentiende eeu verswak het en dat dit die weg voorberei het vir hul etniese mobilisering. In die Kaapkolonie is die eerste stappe “along the road of ethnic politics” reeds in 1878 geneem met die stigting van die Zuid-Afrikaanse Boeren Bescherms Vereeniging (Giliomee 1987a:134; vgl. Giliomee, 1987b:57-59). Die Anglo-Boere-oorlog van 1899-1902 het gelei tot die verwoesting van boereplase en vinnige verstedeliking van Afrikaners. In die industrialisasieproses het die Afrikaner ekonomies agtergebly by die Engelssprekendes en het die vraag na onderwys en taal ’n politieke probleem geword. In die na-oorlogse Transvaal het die Afrikanerleiers Louis Botha en Jan Smuts probeer om steeds die steun van die Engelssprekende kapitaliste te behou en nie veel gedoen om Afrikanerwerkers se belange te bevorder nie (Giliomee 1987a:141-142). Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging en die oprigting van Christelike skole in die eerste dekade na 1902 het ’n belangrike rol gespeel om Afrikaners oor die hele sosiale spektrum te mobiliseer, maar ’n deurslaggewende faktor was dat die opgevoede Afrikanerelite ’n alliansie met die kommersiële Afrikanerboere in die Vrystaat en die Wes-Kaap kon vorm, waardeur dit, onder meer, moontlik geword het om die Nasionale Pers op te rig en die Universiteit van Stellenbosch te omvorm tot ’n instelling wat Afrikanernasionalisme bevorder (Giliomee 1987a:140; Giliomee 1987b:60-61). So is die grondslag gelê vir ’n sterk nasionalistiese beweging. Dit is gekanaliseer in die Nasionale Party wat in 1914 onder leiding van J.B.M. Hertzog en D.F. Malan gestig is.

Giliomee se beskouing verskil dus heelwat van dié van Van Jaarsveld. Hy lê die klem op ekonomiese faktore en sien die periode vanaf 1870 hoofsaaklik as ’n aanloop tot die werklike opkoms van Afrikanernasionalisme in die vroeë twintigste eeu.

Die filosoof J.J. Degenaar (1982 en 1987) bestempel nasionalisme as ’n ideologie en toon in ’n algemene oorsig oor nasionalisme groot waardering vir die teorieë van Kohn en Kedourie. Hy tipeer Afrikanernasionalisme, in ooreenstemming met Kohn se klassifikasie, as ’n vorm van volksnasionalisme (Degenaar 1982:34), maar sit dan sy eie beskouing van nasionalisme en Afrikanernasionalisme uiteen wat nie direk op die opvattinge van een of enkele skrywers van

nasionalisme gebaseer is nie. Hy sien die konsepte van selfbeskikking, volk, ras, struktuur en mag as van sentrale belang in die verstaan van Afrikanernasionalisme en onderskei verder tussen Afrikanernasionalisme in ruimer sin, wat “verwys na die sisteem van idees waarvolgens die Afrikaner homself oor ’n lang tydperk verstaan het in situasies wat as sentrale voorbeelde van ’n groepsbewussyn onder Afrikaners geïnterpreteer kan word” en Afrikanernasionalisme in enger sin wat dui op “’n ideologiese beweging wat aan die begin van die 20e eeu ontstaan het en verband hou met ’n verskeidenheid faktore, soos die gemeenskaplike herinnering van die Afrikaner se geskiedenis, maar dan binne die ekonomiese en institusionele konteks van daardie tyd” (Degenaar 1987:233; vgl. Degenaar 1982:40). In geeneen van sy studies word hierdie onderskeid egter verder belig of deurgevoer nie. Hy gebruik Van Jaarsveld se werk as vernaamste bron om selfbeskikking as onderdeel van sy beskouing van Afrikanernasionalisme te behandel (Degenaar 1982:41-44; Degenaar 1987:234-239) en lewer geen kritiek op Van Jaarsveld se siening nie. Hy gaan dan ook nie dieper in op die vraag wat as die begintydperk van Afrikanernasionalisme beskou moet word nie.

In die afgelope twee dekades het daar maar weinig wetenskaplike bydraes verskyn waarin aandag gegee word aan die ontstaansperiode van Afrikanernasionalisme. Die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boere-oorlog van 1899-1902 het gelei tot enkele wetenskaplike studies waarin daar besin is oor die rol van die oorlog in die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme. Bradford (2002) en Pretorius (2002) is albei van mening dat algemene Afrikanernasionalisme voor die oorlog tot verstedelike Afrikaners en veral intellektuele beperk was en dat daar by die Boere in die twee republieke aanvanklik eerder van ’n Vrystaatse en ’n Transvaalse nasionalisme sprake was. Pretorius toon aan dat gedurende die guerrillafase van die oorlog ’n nuwe groep Afrikanerleiers na vore getree het; “they took a less republican, though no less passionate, Afrikaner nationalism into the first decade of the twentieth century” (Pretorius 2002:80). Daar is ook enkele resente artikels gepubliseer (Swart 2004; Steyn 2006) waarin, met Anderson se teorie van nasionalisme as basis, gepoog word om aan te toon dat kunstenaars soos Eugène Marais vanaf die 1930s tot helde uitgebou is met die oogmerk om Afrikanernasionalisme te versterk. In geskiedwerke oor die Afrikaners soos Le May (1995) en Giliomee (2003) word vroeë Afrikanernasionalisme nie in die besonder bespreek nie.

## GEVOLGTREKKINGS

Daar bestaan wyd uiteenlopende beskouings oor die aard van nasionalisme onder die filosowe, sosioloë, politieke wetenskaplikes en historici wat in die afgelope halfeeu werke oor hierdie onderwerp die lig laat sien het. Hierdie beskouings is dikwels gewortel in filosofiese denkstrome soos die Marxisme en die postmodernisme. Daar is geen konsensus oor fundamentele sake, byvoorbeeld of nasionalisme primêr as ’n idee, ’n ideologie of ’n politieke beweging gesien moet word nie. In die meeste werke word aanvaar dat nasionalisme nie voor die agtiende eeu bestaan het nie, en word die ontstaan of opkoms van nasionalisme verbind met die ontwikkeling van moderne staatstelsels (vgl. Smith 1998:97), maar, soos hierbo aangetoon, word in verskeie resente werke beklemtoon dat daar baie ooreenkomste bestaan tussen nasionalisme en etniese groepsbewussyn, en dat etniese groepe al in die verre verlede bestaan het. Uitgaande van verskillende beskouinge word Afrikanernasionalisme en ook die oorsprong daarvan verskillend geïnterpreteer.

Naas Van Jaarsveld is dit slegs Giliomee wat, veral in die twee artikels van 1987, indringende navorsing oor die ontstaan van Afrikanernasionalisme gedoen het. Scholtz (1974) gebruik grotendeels dieselfde bronne as Van Jaarsveld en kom tot soortgelyke gevolgtrekkings. Oberholster (1983) verskaf ’n oorsig oor die hele periode van ongeveer 1770 tot 1900 wat hoofsaaklik op publikasies van ander historici gebaseer is. Ander skrywers waarna in die vorige afdeling verwys

is, behandel net bepaalde aspekte van die tema. Van Schoor (1963) skryf oor politieke bewuswording in die Vrystaat voor 1854, Tempelhoff (1981) oor verwickelinge in Transvaal in die periode 1877-1881, en Hexham (1981) en Hofmeyr (1987) oor, onderskeidelik, die optrede van Potchefstroomse Calviniste en die Afrikaanse taalbeweging in die vroeë twintigste eeu. Giliomee beklemtoon die ekonomiese faktore wat tot die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme gelei het en gaan hoofsaaklik uit van die teorieë van Gellner en Nairn, wat albei nasionalisme hoofsaaklik binne die kader van ekonomiese ontwikkeling beskou. Nairn het 'n Marxistiese denkraamwerk en sluit nou aan by die wêreldsisitemteorie van Wallerstein (1974) en andere. Hierdie teorie word tans nie meer so wyd aanvaar as twee dekades gelede nie; trouens, teenoor alle omvattende teorieë wat wêreldhistoriese ontwikkelinge wil verklaar, bestaan daar, onder invloed van die post-modernistiese denke, tans dikwels 'n skeptiese houding. Ook Gellner se beskouing oor die verband tussen nasionalisme en industrialisering is wel invloedryk maar word geensins algemeen deur wetenskaplike skrywers oor nasionalisme aanvaar nie (vgl. Kramer 1997; Smith 1998 en 2000).

Van Jaarsveld verklaar, soos hierbo aangetoon, die ontstaan van Afrikanernasionalisme hoofsaaklik op grond van politieke faktore. Die beskouing dat nasionalisme primêr 'n politieke verskynsel is en binne die konteks van politieke ontwikkelinge verklaar moet word, word vandag nog deur toonaangewende wetenskaplikes soos Breuilly gehuldig. In hierdie opsig is Van Jaarsveld se benadering dus nie verouderd of selfs minder aanvaarbaar as dié van Giliomee nie. Ook Van Jaarsveld se siening van nasionalisme as 'n reaksiebeweging teen 'n politieke bedreiging of oorheersing deur 'n vreemde politieke mag kom by invloedryke teoretici oor nasionalisme soos Kedourie en Breuilly voor.

Van Jaarsveld se interpretasie kan dus nie sonder meer as verouderd beskou word nie. Sy siening dat die Afrikaanse nasionale bewussyn na 1868 tot ontwaking gekom het, impliseer dat daar toe reeds 'n Afrikanervolk bestaan het en dat die volk se nasionale bewussyn aanvanklik sluimerend was. Hierdie beskouing sluit eerder aan by negentiende-eeuse opvattinge oor die aard van volke as by die beskouinge van twintigste-eeuse skrywers oor nasionalisme. Soos Tempelhoff (1996:29-34) aantoon, is Van Jaarsveld in sy geskiedbeskouing en ook in sy historiese metodologie deur negentiende-eeuse Duitse historici beïnvloed, wat op hul beurt onder invloed was van die Duitse nasionalisme van daardie tyd. Verder het Afrikanernasionalisme 'n groot invloed op die Afrikaanse geskiedskrywing van die twintigste eeu gehad, en dit kom ook in Van Jaarsveld se werke na vore (vgl. Smith 1988:83-85; Tempelhoff 1996:29). In die algemeen het Van Jaarsveld tog 'n kritiese ingesteldheid teenoor Afrikanernasionalisme en sy beskouing oor die ontstaan van 'n Afrikaanse nasionale gevoel in die periode na 1868 toon min tekens van 'n nasionalistiese benadering (vgl. Akenson 1992: 57, 58).

Die opvatting dat Afrikanernasionalisme eers in die twintigste eeu ontstaan het, kom onder verskeie skrywers voor. Soos hierbo aangetoon, gaan hierdie skrywers uit van 'n bepaalde siening oor die aard van nasionalisme. Hulle is van mening dat nasionalisme saamhang met industrialisasie, verstedeliking en die ontwikkeling van die kapitalistiese stelsel. Hoewel hul, meesal sterk ekonomies gekleurde, beskouings van nasionalisme nie algemeen aanvaar word nie, lyk dit tog nie waarskynlik dat nasionalistiese idees geredelik onder 'n plattelandse bevolking kan versprei nie. Teen 1880 was die oorgrote meerderheid Afrikaners boere en, alhoewel die kommunikasiemiddele toe al heelwat verder ontwikkel was as, byvoorbeeld, dertig jaar vroeër, het daar nog heelwat ongeletterdheid onder hulle voorgekom en het baie boere in isolasie van mekaar gelewe. Aan die ander kant toon Van Zyl (1979), Tempelhoff (1981) en ander skrywers aan dat die Transvaalse protes teen die Britse anneksasie beslis nie tot 'n klein groepie onder die bevolking beperk was nie. Soos reeds aangedui, is die vraag in hoeverre nasionalistiese beskouinge teen 1880 tot die hele blanke Afrikaanssprekende bevolking deurgedring het nie deur Van Jaarsveld beantwoord nie. In die lig daarvan dat dit moeilik

is om duidelik tussen groepsbewussyn in die algemeen, etniese groepsbewusyn en nasionale bewussyn of gevoel en ook tussen nasionalistiese beskouings en nasionalistiese bewegings te onderskei, lyk dit nie wetenskaplik verantwoord om die ontstaan van Afrikanernasionalisme tot enkele jare of selfs een of twee dekades te beperk nie. As begin word by die eerste tekens wat moontlik al in die tyd voor die Groot Trek waargeneem kan word en geëindig word by die sterk nasionalistiese politieke beweging van die twintigste eeu, kan die periode wat Van Jaarsveld behandel, gesien word as 'n baie belangrike fase in die proses van die ontstaan en ontplooiing van Afrikanernasionalisme, maar nie noodwendig as die beginpunt nie.

Hiermee word nie geïmpliseer dat die opkoms van Afrikanernasionalisme 'n noodwendige ontwikkeling was nie. Soos Schreuder aandui, was daar 'n verflouing van algemeen Afrikaanse nasionalistiese gevoelens na 1880 en, indien Brittanje toe afgesien het van die beleid om sy oppermag in Suid-Afrika te handhaaf en te versterk, sou 'n Kaaplandse en 'n Transvaalse nasionalisme moontlik apart van mekaar ontwikkel het. Paul Kruger was eerder 'n Transvaalse as 'n Afrikanernasionalis (vgl. De Klerk 2006:177-178) en dit geld waarskynlik vir die meeste Afrikaanssprekende Transvalers voor 1900 (vgl. Pretorius 2002:70). Gedurende die periode 1880-1900 het Westerse imperialisme egter 'n hoogtepunt bereik en 'n mens sou kon sê dat die gang van die wêreldgeskiedenis meegebring het dat Britse imperialisme en daarom ook Afrikanernasionalisme na 1880 juis verder sou versterk. In die voorwoord tot die Engelse uitgawe van sy werk skryf Van Jaarsveld (1961:4-5) ook dat, na 'n aanvanklike verflouing in Afrikanernasionalisme, die Jamesoninval van 1895 en die Anglo-Boereoorlog dit weer laat opleef het en dat dit na 1902 'n dominerende faktor in die Suid-Afrikaanse politiek geword het.

Van Jaarsveld se werk toon heelwat gebreke, waarvan sommige hierbo uitgewys is. Sy beskouing oor die aard van vroeë Afrikanernasionalisme, en veral die siening dat die Afrikaners hulself as 'n uitverkore volk beskou het, is deur ander wetenskaplikes bevrageeteken (Du Toit 1984). Sy werk kan ook nie as 'n volledige studie oor alle aspekte van Afrikaanse nasionale bewussyn en nasionalisme in die periode 1868-1881 beskou word nie. Soos Tempelhoff (1981) en Giliomee (1987a en 1987b) aandui, kan die politieke ontwikkelinge nie losgemaak word van sosiale en ekonomiese aspekte nie en is 'n studie wat wyer en dieper strek as dié van Van Jaarsveld moontlik. Daar is wel heelwat nuwe navorsing oor die betrokke periode in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gedoen, maar, soos reeds hierbo aangedui, nie 'n omvattende werk gelewer wat spesifiek fokus op Afrikaanse nasionale gevoel of Afrikanernasionalisme nie. Alhoewel Van Jaarsveld se studie seker nie meer as dié gesaghebbende werk oor die ontstaan van Afrikanernasionalisme beskou kan word nie, het daar sedertdien nie 'n méér gesaghebbende werk verskyn nie. *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn* is na vyftig jaar nog steeds een van slegs enkele wetenskaplike werke wat daar oor die vroeë ontwikkeling van Afrikanernasionalisme bestaan en een van die vernaamste bronne vir enigeen wat hierdie onderwerp wil bestudeer.

## BIBLIOGRAFIE

- Akenson, D.M. 1992. *God's peoples; covenant and land in South Africa, Israel and Ulster*. Ithaca: Cornell.
- Anderson, B. 1991. *Imagined communities; reflections on the origin and spread of nationalism*. London: Verso. (Revised ed.)
- Armstrong, J. 1982. *Nations before nationalism*. Chapel Hill, NC: University of North Carolina Press.
- Beyers, C. 1941. Die Groot Trek met betrekking tot ons nasiegroei. *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 4(1): 1-16.
- Bhabha, H.K. et al. 1990. *Nations and narration*. London: Routledge.
- Bosman, I.D. 1951. Oorheersing en vrywording (1877-1884). In A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.). *Geskiedenis van Suid-Afrika, deel 1*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.



- Bradford, H. 2002. Gentlemen and Boers: Afrikaner nationalism, gender, and colonial warfare in the South African War. In G. Cuhbertson, A. Grundlingh & M. Suttie (eds). *Writing a wider war; rethinking gender, race and identity in the South African War, 1899-1902*. Athens (Ohio): Ohio University Press.
- Breuilly, J. 1993. *Nationalism and the state*. Manchester: University Press. (2<sup>nd</sup> ed.)
- Coetzee, J.A. 1941. *Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Davenport, T.R.H. 1966. *The Afrikaner Bond; the history of a South African political party, 1880-1911*. Cape Town: Oxford University Press.
- Degenaar, J.J. 1982. *The roots of nationalism*. Pretoria: Academica.
- Degenaar, J.J. 1987. Afrikaner-nasionalisme. In W.P. Esterhuysen, P.v.d.P. du Toit & A.A. van Niekerk (reds.). *Moderne politieke ideologieë*. Johannesburg: Southern.
- De Kiewiet, C.W. 1941. *A history of South Africa, social and economic*. Oxford: University Press.
- De Klerk, P. 2006. Die politieke beskouing van Paul Kruger – interpretasies oor 'n tydperk van 125 jaar. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 46(2):171-183.
- De Villiers, A. 1951. Die Afrikaanse kultuurstryd (1870-1900). In A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.). *Geskiedenis van Suid-Afrika, deel 2*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- De Villiers, R. 1971. Afrikaner nationalism. In M. Wilson & L. Thompson (eds). *The Oxford History of South Africa, volume II, South Africa, 1870-1966*. Oxford: Clarendon Press.
- Deutsch, K.W. 1953. *Nationalism and social communication; an inquiry into the foundations of nationality*. Cambridge (Mass.): Massachusetts Institute of Technology.
- Du Bruyn, J. 1982. F.A. van Jaarsveld: Afrikanerhistorikus en vernuwer. *Historia*, 27(1):55-64.
- Du Toit, A. 1984. Captive to the nationalist paradigm: Prof. F.A. van Jaarsveld and the historical evidence for the Afrikaner's ideas on his calling and mission. *South African Historical Journal*, 16:49-80.
- Duvenage, G.D.J. 1978. *Imperialisme en nasionalisme; kerngeskiedenis van Suid-Afrika, 1886-1948*. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Engelbrecht, S.P. 1933. *Thomas Francois Burgers; 'n lewenskets*. Pretoria: De Bussy.
- Fueter, E. 1936. *Geschichte der neueren Historiographie*. München: Oldenbourg. (3e Auflage.)
- Gellner, E. 1983. *Nations and nationalism*. Oxford: Blackwell.
- Giliomee, H. 1975. The development of the Afrikaner's self-concept. In H.W. van der Merwe (ed.). *Looking at the Afrikaner today*. Cape Town: Tafelberg.
- Giliomee, H. 1984. Constructing Afrikaner nationalism. *Standpunte*, 37(5):28-44.
- Giliomee, H. 1987a. The beginnings of Afrikaner nationalism, 1870-1915. *South African Historical Journal*, 19:115-142.
- Giliomee, H. 1987b. Western Cape farmers and the beginnings of Afrikaner nationalism, 1870-1915. *Journal of Southern African Studies*, 14(1):38-63.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners; biography of a people*. Cape Town: Tafelberg.
- Greenfeld, L. 1992. *Nationalism; five roads to modernity*. Cambridge (Mass.): Harvard University Press.
- Hayes, C.J. 1926. *Essays on nationalism*. New York: Macmillan.
- Hexham, I. 1981. *The irony of apartheid; the struggle for national independence of Afrikaner Calvinism against British imperialism*. New York: Edwin Mellen Press.
- Hobsbawm, E. J. 1992. *Nations and nationalism since 1780; programme, myth, reality*. Cambridge: University Press. (2<sup>nd</sup> edition.)
- Hofmeyr, I. 1987. Building a nation from words: Afrikaans language, literature and ethnic identity, 1902-1924. In S. Marks & S. Trapido (eds). *The politics of race, class and nationalism in twentieth century South Africa*. London: Longman.
- Kamenka, E. 1973. Political nationalism – the evolution of the idea. In E. Kamenka (ed.). *Nationalism; the nature and evolution of an idea*. London: Edward Arnold.
- Kapp, P.H. 1982. F.A. van Jaarsveld as vertolker van sy tyd. *Historia*, 27(1):78-85.
- Kapp, P.H. 2002. Die VOC-tydperk en die ontwikkeling van identiteitsbewussyn aan die Kaap. *Historia*, 47(2):709-738.
- Kedourie, E. 1960. *Nationalism*. London: Hutchinson.
- Kedourie, E. 1993. *Nationalism*. Oxford: Blackwell (4<sup>th</sup> ed.)
- Kohn, H. 1944. *The idea of nationalism; a study in its origins and background*. New York: Collier.
- Kotze, D.J. 1968. *Positiewe nasionalisme*. Kaapstad: Tafelberg.

- Kotze, D.J. 1970. *Nasionalisme en kommunisme; deel drie van nasionalisme as historiese faktor*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kramer, L. 1997. Historical narratives and the meaning of nationalism. *Journal of the History of Ideas*, 58 (3):525-545.
- Le May, G.H.L. 1995. *The Afrikaners; an historical interpretation*. Oxford: Blackwell.
- Liebenberg, B. 1995. Hy was ons grootste geskiedskrywer. *Insig*, Februarie: 45.
- Malan, S.F. 1982. Prof. Van Jaarsveld se bydrae tot die geskiedskrywing oor Afrikanernasionalisme. *Historia*, 27(1):65-67.
- Malan, S.F. 1996. Die geskiedbeeld: die plek en betekenis van professor F.A. van Jaarsveld in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36(4):284-292.
- Mouton, F.A. & Van Jaarsveld, A. 2004. "Angry young men": F.A. van Jaarsveld, T.S. van Rooyen and the Afrikaner historiographical polemic of 1953-1954. *Historia*, 49(2):167-185.
- Muller, C.F.J. 1949. *Die Britse owerheid en die Groot Trek*. Kaapstad: Juta.
- Nairn, T. 1977. *The break-up of Britain; crisis and neo-nationalism*. London: New Left Books.
- Oberholster, J.J. 1958. Bespreking van F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn, 1858-1881*. *Historia*, 3(3):207-209.
- Oberholster, J.J. 1983. Die oorsprong van Afrikaner-nasionalisme. In O. Geysers & A.H. Marais (reds.). *Die Nasionale Party, deel I; agtergrond, stigting en konsolidasie*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- O'Meara, D. 1983. *Volkskapitalisme; class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948*. Johannesburg: Ravan Press.
- Patterson, S. 1957. *The last trek; a study of the Boer people and the Afrikaner nation*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Pelzer, A.N. 1950. *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, deel I, Wordingsjare*. Kaapstad: Balkema.
- Pretorius, F. 2002. Afrikaner nationalism and the burgher on commando. In G. Cuhbertson, A. Grundlingh & M. Suttie (eds). *Writing a wider war; rethinking gender, race and identity in the South African War, 1899-1902*. Athens (Ohio): Ohio University Press.
- Reader's Digest (publisher). 1988. *Reader's Digest illustrated history of South Africa; the real story*. Cape Town: Reader's Digest.
- Robinson, R. & Gallagher, J. 1981. *Africa and the Victorians; the official mind of imperialism*. London: Macmillan. (2<sup>nd</sup> ed.)
- Scholtz, J. du P. 1939. *Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Scholtz, G.D. 1974. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel III, 1854-1881*. Johannesburg: Perskor.
- Schreuder, D.M. 1969. *Gladstone and Kruger; liberal government and colonial 'home rule', 1880-1885*. London: Routledge & Keegan Paul.
- Schutte, G. 1986. *Nederland en de Afrikaners; adhesie en aversie*. Franeker: Wever.
- Smith, A.D. 1986. *The ethnic origin of nations*. Oxford: Blackwell.
- Smith, A. D. 1998. *Nationalism and modernism; a critical survey of recent theories of nations and nationalism*. London: Routledge.
- Smith, A.D. 2000. *The nation in history; historiographical debates about ethnicity and nationalism*. Cambridge: Polity Press.
- Smith, K. 1988. *The changing past; trends in South African historical writing*. Johannesburg: Southern.
- Steyn, C. 2006. Stella Blakemore and Mimi Coertse: two sopranos and the different ways in which they promoted Afrikaner nationalism. *South African Journal of Cultural History*, 20(2):55-77.
- Swart, S. 2004. The construction of Eugène Marais as an Afrikaner hero. *Journal of Southern African Studies*, 30(4):847-867.
- Tempelhoff, J.W.N. 1981. Die ontstaan en ontplooiing van Transvaalse Afrikanernasionalisme, 1877-1881 (met besondere verwysing na sosio-ekonomiese aspekte). Pretoria: UP (MA-verhandeling).
- Tempelhoff, J.W.N. 1995. Idee, narratief en diskoers: die vroeë intellektuele vorming van F.A. van Jaarsveld 1922-1950. *Historia*, 40(1):30-52.
- Tempelhoff, J.W.N. 1996. Sosiale ruimte en die filosofies-teoretiese diskoerse van F.A. van Jaarsveld. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36(1):25-48.

- Uys, C.J. 1933. *In the era of Shepstone; being a study of British expansion in South Africa, 1842-1877*. Lovedale: Lovedale Press.
- Van Jaarsveld, F.A. 1951. *Die eenheidstrewer van die republikeinse Afrikaners, deel 1, Pioniershartstogte*. Johannesburg: Impala Opvoedkundige Diens.
- Van Jaarsveld, F.A. 1957. *Die ontwaking van die Arikaanse nasionale bewussyn, 1868-1881*. Johannesburg: Voortrekkerpers. (1e druk.)
- Van Jaarsveld, F.A. 1959. *Die ontwaking van die Arikaanse nasionale bewussyn, 1868-1881*. Johannesburg: Voortrekkerpers. (2e druk.)
- Van Jaarsveld, F.A. 1961. *The awakening of Afrikaner nationalism, 1868-1881*. Cape Town: Human & Rousseau. (Translated by F.R. Metrowich.)
- Van Schoor, M.C.E. 1963. Die nasionale en politieke bewuswording van die Afrikaner in migrasie en sy ontluiking in Transgarieb tot 1854. *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 26(2):3-158.
- Van Zyl, M.C. 1979. *Die protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners (1877-1881)*. Pretoria: Academica.
- Vatcher, W.H. 1965. *White laager; the rise of Afrikaner nationalism*. London: Pall Mall.
- Verhoef, G. 1995. Verandering en interpretasie: F.A. van Jaarsveld as historikus van verstedeliking en industrialisasie. *Historia*, 40(1):53-64.
- Wallerstein, I. 1974. *The modern world-system, volume 1*. Boston: Academic Press.
- Wiid, J.A. 1951. Politieke ontwikkeling in die Kaapkolonie (1872-1896). In A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid & A.L. Geyer (reds.). *Geskiedenis van Suid-Afrika, deel 1*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Zietsman, P.H. 1992. *Die taal is gans die volk; woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.